NASIONALE / NATIONAL

BRANGUS VEILING / SALE

Donderdag / Thursday 13 Augustus/August 2009

INSKRYWINGSVORM / ENTRY FORM

NAAM VAN EIENAAR / NAME OF SELLER: .....

POS ADRES / POSTAL ADRESS: .....

TEL NR / NO: ..... **KANTOOR / OFFICE:** .....

SEL NR / CELL NO: .....

TB/BM NEG. GETOETS DATUMS - TB/CA TESTED NEGATIVE DATES: .....

VROULIKE DIERE / FEMALES

REG. NR. REG. NO.	KLEUR COLOUR	ID NR ID NO	GEBORE BORN	GEKALF CALVED	KI DATUM AI DATE	BUL GEBRUIK BULL USED
1.						
2.						
3.						
4.						
5.						
6.						

BULLE / BULLS

REG. NR REG. NO	KLEUR COLOUR	ID NR ID NO	OPMERKING REMARKS
1.			
2.			
3.			
4.			
5.			

INSKRYWINGSFOOI / ENTRY FEES

BULLE BULLS	R280	GEREG. VROULIK REG. FEMALE	R180	OOP VERSE OPEN HEIFERS	R120

SLUITINGS DATUM VIR INSKRYWINGS/CLOSING DATE FOR ENTERIES: 10 JUL 2009

STUUR AAN/SEND TO: BKB Kroonstad, P.O. Box 45 Kroonstad 9500, Fax 056 2151136

BETAALINGS/ PAYMENTS : BKB – Bank besonderhede/Bank details
ENB FRANKFORT **TAKKODE** 23-04-33 **REKENINGNOMMER** 52270018206

GEEN INSKRYWINGS SAL AANVAAR WORD SONDER BETALING EN GETEKENDE VEILINGS REëLS/ NO ENTERIES WILL BE ACCEPTED WITHOUT PAYMENT AND A SIGNED COPY OF THE SALE RULES.

Brangus reëls vir Genootskap veilings en veilings onder beskerming

1. Geen diere sal in die katalogus opgeneem word as rekeninge meer as 90 dae agterstallig is nie.***
2. Geen verandering van diere of diere inligting op veilings katalogus binne 14 dae voor veiling.
3. Geen vervangings bulle of vroulike diere sal aanvaar word binne 14 dae voor Genootskap veilings nie.
4. Daar sal geen los blaaie in Genootskap veilings katalogusse geplaas word nie.
5. Dat alle diere wat aangebied word, voldoen aan die vereistes soos neergelê in die standaard van voortreflikheid soos op die dag waarop die veiling gehou word.
6. Alle diere moet goed voorberei wees en moet in ‘n goeie kondisie wees, nie oorvet nie.
7. Afslaers moet die veilings katalogus soos voorsien deur die Genootskap gebruik, dit sluit BREEDPLAN syfers in. Geen wysings mag gedoen word indien dit nie vooraf met die Genootskap bespreek en goedgekeur is nie.
8. Die kudde en/of veilings diere moet TB en BM negatief getoets en skoon wees.
9. Diere waarvan die tatoeëermerk/brandmerk onleesbaar is, geen tatoeëermerk/ brandmerk, sal outomaties afgekeur word.
10. Die keurders sal volmag hê om diere af te keur. Indien die eienaar dan nog ontevrede is kan hy/sy appel aanteken (Koste R120 per dier) Die beslissing van die Appel komitee is finaal.
11. Alle diere wat aangebied word, sal geïnspekteer en gekeur word.
12. Diere met sigbare sere, letsels of enige verdagte merke of beserings wat nie deur ‘n veearts ondersoek is en skriftelik verantwoordelikheid aanvaar nie, sal summier afgekeur word.
13. Gevalle in 12 beskryf wat wel vergesel is van ‘n veearts se goedkeuring, sal nogtans deur die afslaer genoem word wanneer die dier te koop aangebied word. Die keurders moet self met die afslaer reël dat hy die geval sal noem.
14. Alle diere moet ‘n skriftelike inenting bevestiging van Milt-, Lam- en Sponssiekte, Vibriose en BVD (Bees Virus Diarree) hê van die teler en die datum van inenting.
15. Alle diere moet vry wees van uitwendige parasiete.
16. Diere mag onder geen omstandighede onder verdowing wees nie.
17. Die Genootskap moet voor die veiling, of met die aflaai van die diere, van die volgende in besit gestel word:
    a) Dragtigheid status van alle vroulike diere moet voor die veiling deur ‘n veearts gesertifiseer word. (vroulike diere punt 2 en 3)
    b) Trichomoniase, Vibrio en Vrugbaarheid sertifikate van manlike diere deur veearts gesertifiseer. (bulle punt 3 en 4)
    c) BM en TB vry sertifikate (reëls punt 8)
    d) Geboorte kennisgewings moet op datum wees.
    e) Bul (DNA getoets) gebruik by alle dragtige diere
    f) Inenting sertifikate (reëls punt 14)
18. Die Genootskap waarborg nie dat diere wat te koop aangebied word nageslag sal teel wat almal goedgekeur en vir registrasie by die Genootskap aanvaar sal word nie.
19. Alle kalwers wat saam met koeie verkoop word, moet ‘n kudde-kenmerk letter, jaar nommer en volg nommer dra van die betrokke kudde. Dit moet wees d.m.v. tatoeëermerke/ in die dier se oor of brand merk soos bepaal deur die konstitusie.
20. ‘n Moontlike kopers lys van die verkoper en Genootskap moet aan die afslaers gegee word, sodat hulle gekontak kan word en katalogusse aan hulle voorsien kan word.
21. ‘n Verteenwoordiger van die Genootskap sal op die dag van die veiling teenwoordig wees om die nodige advies aan kopers te verskaf. Die Ras bestuurder sal ‘n persoon benoem om die diens oor te neem indien hy nie self teenwoordig kan wees nie.
22. Die Genootskap ontvang as vergoeding vir die diens 1% kommissie van die totale omset van die veiling.
23. Die verkoper moet sorg dat alle dokumentasie volgens lot nommer gerangskik word. Dit moet ‘n dag voor die veiling gereed wees, bv.

Lot no 1

a) Dragtigheid status sertifikaat
b) Geboorte kennisgewing van kalf indien kalf saam verkoop word
c) Entings sertifikaat

Lot no 2

a) Vrugbaarheid sertifikaat van bul
b) Skedewas sertifikaat vir kudde bulle
c) Entings sertifikaat

24. Alle diere, moet ook vêrder voldoen aan die vereistes vir bulle en vroulike diere

LW: Indien diere afgekeur word weens afkeur gebreke (soos kort onderkaak, skewe neus, ens.) dan sal die dier se registrasie onmiddellik gekanselleer word.

25. Die Brangus Genootskap sal nie verantwoordelik gehou word vir enige probleme wat met die verkopings diere ondervind word nadat hulle in ontvangs geneem is deur die nuwe eienaar nie.

BULLE:

1. Bulle moet ‘n minimum ouderdom van 14 maande wees. Minimum skrotum omvang standaarde. (Tabelle ingesluit).

Gewigte	**Testes Groottes**
251 - 300 kg	24 cm
301 - 350 kg	26 cm
351 - 400 kg	29 cm
401 - 450 kg	31 cm
451 - 500 kg	32 cm
501 - 550 kg	33 cm
551 - 600 kg	34 cm
601 - 650 kg	35 cm
651 - 700 kg	36 cm
Ouderdomme	**Testes Groottes**
14 maande	30 cm
18 maande	32 cm
24 maande	34 cm
36 maande	38 cm

2. Die Moer Gebore in 2004 en daarna van ‘n bul, moet ‘n interkalf periode van minder as 540 dae handhaaf
3. Alle bulle moet vergesel wees van ‘n vrugbaarheid sertifikaat, asook met testes omtrek.
4. Alle bulle moet skoon wees van Trichomoniase en Vibriose, dit moet ook bevestig word deur ‘n veearts*
5. Die koppe van alle bulle by genootskap veilings, moet geskeer wees, sodat bulle wat “scurs” dra geïdentifiseer kan word.

*LW: Indien kudde bulle (gebruikte bulle) op die veiling onder-beskerming aangebied word, moet die bulle wat aangebied word, 3 skedewasse kry met 2 weeklikse tussenposes. Die dokumentasie moet by die verkoper en die Genootskap wees voor die veiling.

VROULIKE DIERE

1. Verse ouer as 30 maande moet vergesel wees van ‘n dragtigheid sertifikaat wat sal bewys dat sy voor 39 maande gaan kalf;
2. Alle eerste kalf koeie en koeie, moet vergesel wees van dragtigheid sertifikate wat sal bewys dat die diere binne 540 dae vanaf laaste kalf weer sal kalf. Dit sluit koeie uit wat saam met ‘n kalf (jonger as 7 maande) verkoop word;

AANTAL KALWERS	**OUDERDOM VAN KOEIE**
2	57 maande
3	69 maande
4	81 maande
5	93 maande
6	105 maande
7	117 maande
8	129 maande
9	141 maande
10	153 maande
Ens.	+12 maande vir elke kalf

3. Alle koeie (gebore in 2004 en daarna) met meer as twee kalwers, moet kan bewys dat die koeie sal kalf voor die maksimum ouderdom perke (gebaseer op data in die Breedplan stelsel);
4. Koeie wat vir embrio-spoeling gebruik is wat nie aan reel 4 voldoen nie moet ‘n embrio-spoeling sertifikaat van ‘n veearts verskaf wat voor die veiling op die Breedplan stelsel opgeneem is;
5. Die gehalte van vroulike diere wat aangebied word, moet ‘n aanwins wees vir enige kudde.

*** = Indien die teler nie sy rekening kan betaal nie kan hy 'n onderneming teken (vanaf kantoor beskikbaar) wat die Afslaer magtig om die uitstaande bedrag aan die kantoor oor te betaal vanuit sy veilings inkomste.

Ek _____ sertifiseer dat ek die Veiling reëls gelees het, verstaan het en myself daaraan onderwerp.

_____ _____

Handtekening **Datum**